UNIVERSITY OF CAMBRIDGE LOCAL EXAMINATIONS SYNDICATE
in collaboration with
MINISTRY OF BASIC EDUCATION, SPORT AND CULTURE, NAMIBIA
International General Certificate of Secondary Education

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **0512/02, 0557/02**

Paper 2 Reading and Directed Writing

October/November 2003

**2 hours 15 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen on both sides of the paper.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions.
Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy 'n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met 'n donkerblou of swart pen in die spasies wat op die vraestel voorsien word.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae.
Versorging van taalgebruik en formulering sal in jou guns tel.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.
Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.

This document consists of **6** printed pages and **2** blank pages.

SP (SC) S40288/3
© MBESC Namibia 2003
University of Cambridge Local Examinations Syndicate

www.theallpapers.com

**Afdeling 1**

Lees die onderstaande twee leesstukke noukeurig deur en beantwoord dan vrae 1 en 2.

**Leesstuk 1**

# 'Ons kinders is opgebruik'

**AL MEER TIENERS GAAN NA SIELKUNDIGES. AL MEER PROBEER SELFMOORD PLEEG. LEONI BENGHIAT HET GAAN VASSTEL WAT IS FOUT.**

Ek het al probeer selfmoord pleeg omdat die lewe vir my net te veel geraak het. Nou gaan ek vir berading om te probeer cope.

"My ouers steur hulle nie eintlik aan my nie. Hulle is so besig met hul eie lewe dat hulle soms skoon vergeet ek is ook daar. Ek is nou wel al 17, maar soms wil ek net met hulle gesels oor my probleme. Maar ek kan nie, want ons is glad nie na aan mekaar nie.

"Ek is baie besig met my skoolwerk, want ek moet sorg dat ek 'n beurs kry. Boonop is ek nogal goed in atletiek en moet elke vakansie en naweek oefen. As ek dit nie doen nie, sak ek uit die span. Ek het geen tyd vir myself nie.

"Die *peer pressure* by die skool is baie erg. Baie van my vriende drink graag en die meeste rook dagga. Ek wil dit nie doen nie, maar ek wil ook nie die *odd man out* wees nie. Wat moet ek doen?"

So gesels Johan, 'n tienerseun van Potchefstroom. En volgens sielkundiges is hy net een van die groeiende aantal tieners wat die afgelope paar jaar na sielkundiges stroom. Hoewel akkurate syfers ontbreek, is sielkundiges dit eens dat daar die afgelope vier jaar 'n skerp toename was in tieners wat sielkundige hulp soek.

Life Line SA ontvang jaarliks minstens 16 500 oproepe van tieners wat hulp soek of net met iemand oor hul probleme wil gesels. Tienerlyn, 'n krisishulplyn wat in 1992 begin is, verskaf 'n luister- en beradingsdiens wat drie jaar gelede elke maand sowat 250 oproepe gekry het. Deesdae is dit ver oor die 300, sê die koördineerder, Magriet Visser.

Verhoudings is een van die grootste probleme waarmee tieners te kampe het. Ander sluit in swangerskappe, satanisme en dwelms.

Maar jongmense het nog altyd hul unieke probleme gehad. Wat het nou verander?

"Die tradisionele middelklasgesin het verdwyn. Ouers het net nie meer die tyd nie. Hulle is so besig met hul eie lewe dat die kinders meestal aan hulself oorgelaat word," sê Melodie de Jager, 'n opvoedkundige sielkundige van Johannesburg.

Daar is volgens haar verskeie faktore. "Die hele ding van geloof en die invloed wat die kerk op die middelklasgesin gehad het, is besig om uit te sterf. Tradisionele waardes en norme vervaag en daar is niks om dit te vervang nie."

Meer en meer kinders word deesdae in enkelouergesinne groot vanweë die hoë egskeidingsyfer. Meer as 46 000 minderjarige kinders word elke jaar deur nuwe egskeidings geraak.

"Van 1994 af het die rolmodelle baie verander. Die gesagstrukture het verdwyn, ook in gesinne, veral omdat daar baie meer enkelouergesinne is.

"Die gebrek aan 'n vaderrol het 'n groot skuif na geëmansipeerdheid teweeg gebring. Veral seuns ondervind nou identifiseringsprobleme omdat die pa afwesig of te sag is en die ander gesagstrukture verdwyn het. Daar is nie meer voorbeelde vir kinders nie. Ouers het beheer oor hul kinders verloor en daarom soek hulle toenemend ontvlugting in dwelms en alkohol."

Minstens 3,8 miljoen skoolkinders – een uit elke drie – eksperimenteer elke jaar met dwelms. Een uit elke ses raak verslaaf daaraan. Sielkundige hulp aan tieners tussen 12 en 18 jaar met dwelmprobleme het die afgelope agtien maande met 38% toegeneem.

Lucia du Preez, direkteur van gesondheid in Noordwes, meen vandag se tieners het baie meer probleme as hul voorgangers. "Hulle is baie meer moedeloos oor die toekoms en veral van st. 8 af sien hulle nie vir hulself 'n beroepstoekoms nie. Akademies is die druk op



www.theallpapers.com

hulle ook onbillik hoog. Daar is al meer kinders wat tien of elf vakke neem in vergelyking met ses ‘n paar jaar gelede.

Verder is die kinders van vandag baie meer blootgestel aan die gevolge van ons weggooisamelewing en onbillike portuurdruk soos dwelms, sokkies en *raves*. Ons tieners is opgebruik.”

Sy meen egskeidings is nie so ‘n groot probleem soos “flentergesinne” nie waar elkeen sy eie gang gaan. “Met flentergesinne is daar glad nie ‘n ondersteuningsgroep by die huis nie. Ma en Pa kan steeds by die huis wees, maar hulle het niks of baie min met die kinders te doen.”

By die Chris Hani-hospitaal buite Johannesburg word elke jaar minstens 700 tieners gespreek wat probeer selfmoord pleeg het.

Suid-Afrika se tienerselfmoordsyfer is op sewe na die hoogste in die wêreld uit 33 ontwikkelde lande met 6 selfmoorde vir elke 100 000 kinders.

“Tieners het in dié tyd baie ondersteuning nodig,” sê dr. Karel Potgieter, ‘n opvoedkundige sielkundige van Bloemfontein. “Dit gebeur dikwels dat ouers nie bewus is daarvan dat hul kinders probleme het nie. Dis dus lewensnoodsaaklik dat daar goeie kommunikasie tussen ouers en hul tieners is,” sê hy.

Bron: *Insig* – Junie 2001



www.theallpapers.com

**Leesstuk 2**

# Nou's my kind in 'n gemors!

Jacqueline Leuvennick

## Ons het ons kinders kerk toe geneem. Ons het soveel tyd, liefde en energie aan hulle gewy … Wat het dan verkeerd geloop? Christen-ouers se kinders kan ook ernstig skeeftrap.

'Ma, ek wil nie hier wees nie!" Ek hoor wéér die radioadvertensie wat elke keer my bloed laat stol. Dié een waar die seun uit die tronk bel nadat hy onder die invloed van drank 'n motorongeluk veroorsaak het waarin 'n vrou dood is. Die woorde: "Ma, ek wil nie hier wees nie!" hang loodswaar in my gedagtes. Want 'n mens weet, dit kán met jou gebeur.

Die verhaal van vyf tieners uit welgestelde huise en vooraanstaande skole in Pretoria wat hulle na bewering deur seks, dwelms en lojaliteit laat manipuleer het om gewapende rooftogte te pleeg, het onlangs nóg 'n skokgolf deur die land gestuur. Die foto's van veral die aantreklike negentienjarige Tanya Oosthuizen in voetboeie op pad na die Pretoriase streekhof, het op talle voorblaaie onder opskrifte soos: "Van hoofmeisie tot voetboeie," gepryk.

Op skool was Tanya 'n belowende, voorbeeldige kind. Sy het in akademie en sport uitgeblink en was hoofmeisie van haar koshuis. Nou is daar 'n kans dat sy tot dertig jaar in die tronk kan deurbring.

Eksperimentering met die lewe is algemeen by adolessente, vandag meer as ooit tevore, sê prof. Charl Vorster van Medunsa. Volgens hom is daar vandag vir tieners minder veilige geleenthede om te eksperimenteer en om in 'n groep dinge te doen. "Twintig, dertig jaar gelede het tieners vrugte gesteel of op jagtogte gegaan. Vandag kan hulle feitlik niks avontuurliks aanvang sonder om 'n reël te verbreek nie. Baie van hulle wend hulle dus tot dwelms."

Tieners glo ook dikwels dat niks slegs met hulle kan gebeur nie, sê dr. Annemarie Novello van die departement sielkunde aan die Randse Afrikaanse Universiteit. "Hulle is op die kruin van hulle lewe en geneig om te dink kwessies soos die dood en tronkstraf raak hulle nie."

Behoudende, godvresende ouers wat vashou aan 'n teks soos: "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef … en hy sal … nie daarvan afwyk nie," wonder wat hulle verkeerd gedoen het as hulle kind die pad byster raak. Die volgende brief, een van talle op 'n sielkundige se lessenaar, illustreer dit: "Ons het ons kinders kerk toe geneem. Ons het hulle nie net daar gaan aflaai nie. As ons moes uitgaan, het hulle saamgegaan of by hulle ouma gebly. Ons het soveel tyd, liefde en energie aan hulle gewy en tog het hulle deurmekaar geraak met dwelms en winkeldiefstal. Wat het verkeerd geloop?"

In sy boek *Ouerskap verg moed* skryf James Dobson dat die begeerte om "in" te wees vir adolessente lewensbelangrik is. "Hulle vrees uitsluiting uit die towerkring. Boonop is hulle 'n generasie wat met hulle oë vasgenael op die televisie grootgeword het, voortdurend op soek na maniere om verveling te verdryf en die pyn van grootword te verdoof. Tieners (en ook volwassenes) het uitgevind alkohol en dwelms kan probleme op die agtergrond skuif en jou 'anders' laat voel."

Natuurlik is hierdie probleem veel wyer as net oorsaak en gevolg. En daar is nie eenvoudige antwoorde op moeilike vrae nie. Nie alle kinders is in die moeilikheid nie. Daar is steeds baie wetsgehoorsame, ruimhartige en vriendelike kinders wat nié hulle ouers gek maak nie.

Volgens Dobson sit ons met baie van hierdie probleme juis omdat ouers uit alle oorde aangemoedig word om kinders as hulle gelykes te behandel en boonop deur sommige psigiaters verantwoordelik gehou word vir alles wat in hulle kinders se lewens verkeerd loop.

Hy sê: "Onthou, jy het die reg op 'n nag se slaap sonder bekommernis oor waar jou kind is – of om wakker gemaak te word deur 'n



www.theallpapers.com

telefoonoproep van die polisie of 'n hospitaal of 'n dronk tiener wat êrens gestrand is. Jy moet die moed vind om jou geld, invloed, liefde, skuldgevoelens en pleidooie dat hy hom moet regruk, te onttrek. Jy moet dit duidelik stel dat jy nie in 'n huis saam met mense wil woon wat jou sleg behandel en nie die reëls wat jy neergelê het, respekteer nie. Jy het nie jou tiener se goedkeuring nodig nie. Jy is sy baas. En hoe vroeër jou kind dit verstaan, hoe beter."

Die sielkundige Ann Landers vertel van 'n brief wat sy van 'n negentienjarige ontvang het: "My ouers het my toegelaat om enigiets vir enigiemand te sê en nou is ek heeltemal opgemors en dis hulle skuld …"

Sy beveel aan dat ouers met 'n begrypende predikant of onderwyser moet skakel en by 'n ondersteuningsgroep van ouers met soortgelyke probleme moet aansluit. As daar nie so 'n groep bestaan nie, moet hulle met die hulp van die plaaslike gemeente of skool so iets begin.

In sy boek *Parents in Pain* skryf dr. John White dat ouers se smart oor hulle kinders dieselfde is as God se smart oor 'n rebelse mensdom. "God die Vader gee ons liefdevolle sorg en leiding, maar dwing ons nie om gehoorsaam te wees nie.
Hy doen geweldig baie om ons na Hom toe te trek, maar waar ons in sonde volhard, laat Hy ons toe om via die bitter pyn van ervaring te leer."

"Ons moet aanvaar dat kindgrootmaak vreugde én pyn bring. Dis nie ons reg om hulle altyd net te geniet of altyd trots op hulle te wees nie. Dis juis omdat ons so gou selfgenoegsaam en trots raak as dit met ons kinders goed gaan, dat dit ons so hard slaan as dinge verkeerd loop. Al waarin ons kan roem, is in die goedheid wat God aan ons kinders en onsself bewys het en alles wat Hy vir ons deur hulle leer," sê White.

Ons kinders se behoeftes is groot en ons vermoë om reg daaraan te laat geskied, beperk. Volgens White moet ons ophou om ons oor al ons tekortkominge te bekommer. God verwag slegs van ons om te bring wat ons het. Soos met die vissies en die broodjies … Hy kan 'n oorvloed skep.

Bron: *Lig* – Oktober 2000

**1** **(a)** Albei tekste handel oor tienerprobleme. Bespreek kortliks die ooreenkomste ten opsigte van die inhoud van hierdie twee artikels. Jou antwoord moet uit ongeveer **200** woorde bestaan. [8]

**(b)** Daar is duidelike verskille ten opsigte van die aanslag en behandeling van die probleem in die twee artikels. Bespreek dit in ongeveer **250** woorde. [12]

**2** Jy het 'n vriend(in) wat allerhande probleme ondervind en baie depressief is. Jy ag dit jou plig om met hom/haar daaroor te gesels omdat jy bang is hy/sy oorweeg dalk selfmoord.

Skryf nou die gesprek tussen julle twee in ongeveer **250** woorde. [20]


www.theallpapers.com

**Afdeling 2**

Lees die onderstaande leestuk deur en beantwoord dan vraag 3.

# Las met veldbrande

ONGEOORLOOFDE brande in die winter is die grootste probleem waarmee die Brandweer in Windhoek deesdae te kampe het. Dit was die afgelope maand weer so toe die getal veldbrande die hoogte ingeskiet het. Deesdae hou dit ook ‘n toenemende gevaar vir eienaars van huise en geboue in.

Mense maak vuur en steek buitebande aan die brand vir hitte, maar blus nie die vuur as hulle loop nie. Die wind waai dan die vuur die veld in, wat die grootste oorsaak van veldbrande is.

Boemelaars wat in die veld slaap en ‘n vuur aanslaan om kos gaar te maak, gras wat opsetlik aan die brand gesteek word en lang gras wat ‘n bedreiging vir aangrensende eiendom inhou, dra ook by tot die probleme wat met veldbrande ondervind word.

Verlede maand is sowat vyf veldbrande per week aangemeld. Sedert die koue weer en toenemende wind het sowat 60 veldbrande per week die afgelope maand voorgekom.

Die skakelbeampte van die Brandweer in Windhoek, mnr. Charlie Ellis, meen daar is oplossings vir al die probleme.

Hy sê mense van groot maatskappye skakel gereeld die Brandweer om te verneem of hulle nie die gebied rondom die erf kan kom skoonmaak nie. Mnr. Ellis wil dit duidelik stel dat dit nie hul werk is nie en dat die onderneming self verantwoordelik is vir brandvoorkoming. Volgens hom is dit ‘n vereiste dat ‘n strook van drie meter rondom die omheining van erwe of selfs private en munisipale grond skoongemaak moet wees. Indien ‘n brand wel uitbreek en dit nie ‘n gevaar skep nie, sal die Brandweer die brand nie blus totdat al die gras afgebrand het nie.

Op die manier hou dit nie meer ‘n bedreiging in vir omliggende geboue nie.

Ander voorvalle waarna die Brandweer gereeld ontbied word, is mense wat tuinvullis en gras op persele verbrand.

Die eienaar van die perseel het die reg om dit te doen, mits die beheerkamer van die Brandweer voor die tyd in kennis gestel word en die presiese adres van die huis verskaf word. In só ‘n geval mag net een kubieke meter vullis op ‘n keer tussen 10:00 en 16:00 verbrand word. Die vuur moet ná die tyd geblus word.

Die Brandvoorkomingsafdeling in Windhoek het ‘n paar wenke vir veldbrandbestryding herbeklemtoon.

Die belangrikste is dat die Brandweer en brandbestrydingspanne moet saamwerk, veral wat kommunikasie betref.

Volgens mnr. Ellis moet die spanne van etes en drinkwater, water vir pompe en toerusting om die brande te bestry, voorsien word. Dié toerusting kan gesnyde en gebinde skaap- of bokvelle wees, bandvoerings, geverfde spoorwegseile en selfs verweerde brandslange. Twee draagbare pompe per Boerevereniging behoort ook byderhand te wees.

Bron: *Republikein* – 1 Augustus 2001

**3** U is ‘n inwoner van Windhoek en is baie bekommerd oor die moontlikheid van ‘n brand naby u huis. U woon teen ‘n digbegroeide droë rivierloop waar brandgevaar ‘n werklikheid is.

Skryf nou ‘n brief aan meneer Ellis waarin u u vrese uitspel en moontlike oplossings bied vir die probleem.

Gebruik die volgende adres:

Windhoek Brandweer
Posbus 59
Windhoek

Die inhoudsdeel van u brief moet uit ongeveer 250 woorde bestaan. [20]



www.theallpapers.com

BLANK PAGE



www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**



www.theallpapers.com